# Boekebeurs bestyg steeds die bult, algaande

DR FRANCOIS VERSTER
**Korrespondent**

Die organiseerders van die vyfde Kaapstadse Boekebeurs het hul visie aan die media uitgespel: aanbiedings vanaf soveel moontlike oorde, vir die grootste gemene deler, maar hopelik veral vir Afrika. Die geleentheid moet die poort na Afrika word - 'the gateway to African publishing', om presies te wees. 'n Verteenwoordiger van 'n dagblad het opgestaan tydens die vraesessie en genoem dat uitgewers verlede jaar gepraat het van 'n boekefees wat 'n boekebazaar geword het. Claudia Kaiser, die direkteur van die fees (ek verkies ook 'fees' bo 'beurs'), het verduidelik dat hulle álmal wil akkommodeer. En reg genoeg, 'n mens moet in ag neem wie boeke die nodigste het, naamlik diegene wat honger is vir kennis en akademiese opleiding. Afrika benodig nie *bling* nie maar boeke, al lyk dit soms nie so nie.

Daar is wel oorgenoeg tekens dat baie mense bogenoemde besef as jy kyk na die stalletjies van die 273 bemarkers wat daar was. En hoekom was hulle daar? Om te verkoop - wat glo beter gegaan het as in 2009 - én om besigheidskontakte te maak. Enkele groot handelsname in die boekebedryf was kennelik afwesig, maar diegene wat daar was het meestal gesê hulle kom weer. As 'n mens die duur uitstalruimte en ander toebehore in ag neem, moet uitstallers tog dink dat hulle moeite beloon word. Ek dink, byvoorbeeld, aan BK Publishers wat sover net een boektitel op die rak het, maar só goed verkoop het dat hulle nóg 'n produk teen Februarie 2011 in die vooruitsig stel. Onafhanklike boekwinkels soos Select Books en klein uitgewers soos African Sun Publishers is bereid om uit te haal en te wys, jaar na jaar. Hulle beweer verkope was 'beter as wat verwag is' en dat die fees 'goed georganiseer' was. Volgens die Pearson Groep, wat Maskew Millar Longman insluit, het hulle meer boeke verkoop as ooit tevore. Hulle, en die ander uitgewers, was boonop beïndruk met die bywoning van boekbekendstellings, voorlesings en gespreksessies.

Oor die algemeen was daar inderdaad nie plek vir 'n muis by sulke geleenthede nie - ek het moedeloos omgedraai voor Zapiro se praatjie oor sy sport-spotprente en by 'n sessie wat Centre for the Book aangebied het, was net staanplek. Die deinende menigte het my amper seesiek gemaak en iemand het oor die rumoer gekla. Die antwoord was egter: 'If you can't take the heat, get out of the kitchen!' En dit hét soms soos 'n kombuis gevoel - nie net omdat daar ook kookdemonstrasies was om met kookboeke saam te gaan nie.

Vir baie mense was die fees 'n blootstellingsgeleentheid - kinders wat skaars boeke ken, kopers aan verkopers, nuwe kulture aan almal teenwoordig en ontmoetings tussen outeurs en lesers. Jy kon in Dan Sleigh, Daniël Hugo, Deon Maas of Desmond Tutu vasloop en om die volgende hoek boeke uit Korea, Zimbabwe of Timboektoe besigtig. Praat van jou horisonne verbreed . . . maar dit was veral skrywers uit Afrika wat die oog gevang het: Nobelpryswenner professor Wole Soyinka, en topverkopers soos Jodi Picoult en Chris van Wyk, asook karakters soos Christiaan Bakkes en Zebulon Dread was daar in al hulle glorie om die geleentheid waarlik kosmopolities te maak: kleurvol en kultuurryk.

> *Afrika benodig nie bling nie maar boeke, al lyk dit soms nie so nie*

Daar was ook ander *shows* wat met die fees verbind is, soos die Jacana Jamboree en dié by die Michael Stevenson Galery, die Book Lounge (Roelandstraat), die Labia

Teater, die munisipale biblioteek in die Drilsaal en dies meer. Veral inisiatiewe vir leergeleenthede was noemenswaardig, byvoorbeeld, by Monwabisi Park se Lees- en leerkamer ('Reading and learning room' of 'L & R'), waar kinders wat sukkel om by studiebronne uit te kom kan gaan lees en leer. Die Frankfurtse Boekeveldtog vir Geletterdheidprojek (my vertaling) was direk betrokke by sulke inisiatiewe. Die Frankfurtse Boekeskou en die Goethe Institut is juis dryfkragte agter die pogings om Afrika-lesers en Afrika-skrywers byeen te bring. Instansies soos A room to read werk weer van hierdie kant af om inheemse tale in druk te kry, sodat plaaslike lesers in hulle moedertale kan leer om lief te word vir lees.

Van die Afrika-lande wat teenwoordig was, was Zimbabwe prominent, terwyl Arabiese lande ook al meer te sien is. Die Abu Dhabi Instituut vir Kultuur en Erfenis het die fees as 'opwindend' beskryf en bekend gemaak dat hulle 'n ooreenkoms met 'n Koreaanse uitgewer gesluit het om 120 boektitels in Arabies te laat vertaal en uitgee. En só bereik die Midde-Ooste en die Verre Ooste mekaar dan ook via 'n boekebrug.

Ten slotte: die toegangsfooi vir volwassenes was R60 per persoon, maar 33 488 besoekers het dit as 'n winskopie beskou. En 200 joernaliste, die uwe inkluis, het gratis ingegaan! Inderdaad 'n *bargain*, hierdie bazaar! En geluk aan die eienaars, die Frankfurtse Boekeskou en die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika, asook die Departement van Kuns en Kultuur en Mappp Seta wat dit geborg het. Soos The Arch (Tutu) gesê het by die openingsgeleentheid: 'Die boeke-industrie het gehelp om die drang na vryheid te voed.' Hy het self deur boeke besef dat hy kan 'opstyg,' soos hy in daardie bekende TV-advertensie uitgil.

Hoewel 45 000 besoekers deur die organiseerders verwag was, moet mens die resessie en die impak van die vulkaniese uitbarsting (wat oorsese boekefeeste erg geknou het) ook in ag neem. Soos ons wêreldbeker-sokkertoernooi was hierdie 'n heel verdienstelike poging. Altans, die boekemense het regtig baie beter as die bollerollers gevaar. As ons nou net in 2014 twéé wedstryde kan wen …

# Score @ your library

NEVILLE ADONIS
**Assistant Director: Support Services**

The Western Cape Provincial Library Service and the City of Cape Town once again held a joint exhibition at this year's 5th Cape Town Book Fair held from 30 July until 2 August at the Cape Town Convention Centre. The approximately 273 exhibitors from 34 countries was an increase of 1.5% on 2009. This was an ideal opportunity for exhibitors to showcase their products and services from all over the world and particular South Africa and one of the long term aims of the fair is to become the gateway to African Publishing.

The DCAS theme for 2010 was *Score @ your library* and was decided on as a follow-on to the 2010 Library Week's soccer theme. In the spirit of the FIFA World Cup legacy focus was on the 'scoring of free services and resources' at our public libraries. It was also an opportunity to showcase the new look and feel of Provincial Government and DCAS. Thousands of learners and adults were drawn to the exhibition with its colourful and informative backdrop. There were plenty handouts for visitors such as brochures in the three official languages that advertised the provincial library services as well as others promoting archives. Other promotional material such as **CL** magazines, posters, balloons, pens, bookmarks and map brochures promoting City Libraries were also distributed.

According to Szerena Knapp, one of the project's team members, a popular competition was held where visitors could win eight book hampers. Approximately 500 people entered the competition.

'Feedback from visitors was positive and we can with confidence say that libraries and our services were well and truly promoted. One of the disappointments, however, was the fact that Exclusive Books and CNA were absent,' she said.

CAPE TOWN BOOK FAIR
IN COOPERATION WITH FRANKFURTER BUCHMESSE

It is somehow so inspiring and comforting to know that someone - the library - still takes seriously the need to protect and dis-seminate our collective history and knowledge

The Milnerton Library is just amazing! The librarians are helpful and informed and kind - they take an interest in their patrons. From Primary School to working life, they have been there to inform and care. Thanks! (Milnerton Resident)

Libraries are great! Adriane, NYC, USA




Libraries are awesome

Szerena and Razaan were so helpful. Well done ladies. You are a credit to your department. Thanks

North West Public Library Service congratulates you on your stand

So grateful to have Public Libraries, free nogal!

What a wonderful stand! Thank you so much for sharing your ideas. Sandy Stephens, JHB

Mpumalanga trea-sure libraries because they are a haven of information - a place to put your mind at rest. Mpumalanga Provincial Library Service was here!